

16 September

Levitikus 19:1-37; (Teks 19:2)

Leef heilig, want God is Heilig en hou só die samelewing in stand

Godsdiens is liefdesdiens en wie heilig leef in gemeenskap met die Heilige God hou die samelewing in stand. Die Wet wat Hy vir Israel gegee het, geld vandag nog vir 'n ordelike samelewing. Hierdie heilige lewe word prakties uitgespel - gesagshandhawing en eerlike harde werk. Eerbied vir die ouers vorm die grondslag van alle gesag in die samelewing. Die gesagshandhawer moet gesag ootmoedig en nederig handhaaf. Hy verafsku gierigheid en materialisme. Uit dankbaarheid vir alles wat jy ontvang, moet jy ook aan die armes gee. 'n Maaltydoffer was 'n dankbaarheidsoffer waar 'n deel van die offer geëet is en aan die armes gegee is. Daarom was die vleis die derde dag onrein, omdat dit nie uitgedeel is nie. Dieselfde beginsel geld: Wenakkers mag nie geoes word nie en druiwe nie twee keer nie. Diefstal en leuens word verbied. Betaal jou werker wat hom toekom en moenie jouself verryk ten koste van hom nie. Moenie misbruik maak van die arme en gebreklige nie.

Liefde vir jou naaste is gegrond in liefde vir God en Hy hou wag oor ons onderlinge verhoudinge. Daarom moet die geskil met jou naaste openlik uitgemaak word. Moenie skinder nie. Die orde in die natuur moet gehoorsaam word. Die opbrengs van alles behoort aan die Here en daarom moet die eerstelinge van alles aan Hom gewy word. Die beginsel is: Erken God en gee uit dankbaarheid bydrae om sy kerk in stand te hou.

Gelowiges mag nie hulle liggame onteer of skend nie, want dit druis in teen die heiligheid van God. Weereens word die erediens gekoppel aan die lewe. Die oproep om die Sabbat te gehoorsaam word herhaal en daarna uitgebou in die eis van eerlike en regverdige handel. Moenie op die geluksgodin vertrou nie. Die oproep om heilig te leef word afgesluit met 'n bevestiging dat God die Here is. Alles rus in sy welbehae. Leef heilig, sodat u lewe sy Heiligheid oor die ganse aarde kan verkondig.

Sing: Psalm 66:7

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)